Geloofsfamilie
Vaalpark
NG Kerk

Gebedsbulletin No. 45 van 2026

08 November 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

Liefde is … om onsself te gee

In “A Single Pebble” (1956) vertel John Hersey van ’n man wat ’n seun uit ’n rivier red wat in vloed is. Sy heldedaad is verstommend. Tog is daar iets anders wat die verteller aangryp, iets wat die lewensredder nooit in daardie einste oomblikke in ag geneem het toe hy sy eie lewe in gevaar gestel het om te help nie. “His action… showed a deep, instinctive love of life, a compassion, an optimism, which made me feel very good…”

Hierdie woorde verwoord iets van dit wat Paulus in 1 Korintiërs 13:4-7 bedoel as hy oor die liefde skryf. God se onvoorwaardelike liefde is die diepste dryfveer vir alles wat ons is en alles wat ons doen. Sy liefde maak ons vry van ons selfsugtige ego en van ons nimmereindigende behoefte aan erkenning en selfbehoud.

Die liefde van God is nooit ’n dam nie, maar altyd ’n stroom. Dit oorstroom ons denke, emosies, voetspore, vingerafdrukke en verhoudings. Dit veroorsaak dat ons al hoe meer vergeetagtig raak wat ons eie behoeftes betref. God se liefde, wat deur die Heilige Gees in ons harte brandend gehou word, laat ons besef die lewe draai nie om onsself nie. Ons hoef nie altyd in beheer te wees nie, want ons ken Iemand wat is. God hou ons styf vas; daarom kan ons onsself voortdurend soos water vir Hom en vir ander uitgiet.

***deur* Stephan Joubert**

Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Annie Brink
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Hettie Singleton
Tannie Sannie Wentzel
Madelein Els
Wildie Meiring
Martie van Staden
Boland Le Roux
Marelize de Wet
Corrie Grobler
Hennie Coetzee



Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae.

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan ‘n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

Gedagte vir die week



Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in